

Handklasse – Skouklasse en Teelklasse

Doel met die opstel van die Handklas protokol

Om ‘n sisteem daar te stel waardeur almal op hoogte gebring kan word oor wat ‘n Handklas is, wat die reëls ten opsigte van die klas is asook hoe dit beoordeel word

A. Algemene reëls - Handklasse

Alle diere moet geregistreer wees by die FPTG van SA deur Stamboek en wel in die Stamboek (SP) of in die Hulpboeke om te mag deelneem aan enige Streekskou of Nasionale Skou. Geen Basisboek perde mag hier geskou word nie en geen Hulpstamboek A diere wat opgeneem is na 15 Mei 2015.

Alle diere moet ‘n mikroskyfie in die nek hê of ‘n brand of tatoeer nommer wat van tyd tot tyd deur die versamelringbeampte of die baanbeampte of ‘n persoon soos deur die skoukomitee afgevaardig nagegaan kan word. Indien dit nie die perd is wat ingeskryf is sal die teler ‘n boete van R10 000 opgelê word en dadelik geskors word vanaf die skougronde.

Perde onder 4 jaar mag met’n geboortekesertifikaat geskou word, perde bo 4 jaar moet gekeur en in besit wees van ‘n registrasiesertifikaat om te mag deelneem.

Alle diere moet in besit wees van ‘n geldige en volledig voltooide paspoort met alle inentings op datum en aangeteken.

Perde mag nêrens met rekke en of kettings opwarm nie.

Perde wat enige medikasie ontvang het mag nie binne die ontrekkingsperiode geskou word nie.

Daar kan op enige skou hiervoor getoets word onder die neergelegde SANEF reëls.

Geen opkikkers en of bedwelmde middels mag gebruik word net voor of gedurende die skou nie

Daar kan op enige skou hiervoor getoets word onder die neergelegde SANEF reëls.

Geen diere wat mank of kruppel en of wat oop wonde het of wat siek is mag geskou word nie.

Ouderdom van diere word geneem soos die ouderdom op die eerste dag van die skou.

Perde mag net binne hul ouderdomsgroep skou. Dus junior perde mag nie saam senior perde skou.

In die dubbeltuig en tandem en vierspan mag junior perde saam met senior perde deelneem, maar wel dan as seniors.

Dit word sterk aanbeveel dat maanhare en hare tussen die hoewe en kootgewrig (vere) nie geskeer word nie, maar dit bly die keuse van die vertoner.

Vir lang maanhare mag die hare agter die ore waar die toom kom wel geskeer word tot 'n maks van 100mm.

Die hare op die bene onder die knieg en bo die kootgewrig mag wel geskeer word.

Maanhare mag los of gevleg ("ge plait") wees.

Ore aan die binnekant moet geskeer wees.

Hare onder die kakebeen moet geskeer wees

Diere moet skoon en versorgd wees.

Geen verbande om die bene of enige tooisels mag gebruik word nie. Tensy vir mediese redes met bewyse.

Hoewe moet goed versorgd wees en mag swart gekleur word.

Standaard tipe hoefysters van nie dikker as 10mm en wyer as "25mm word toegelaat.

'n Dwarsbalkie onder aan die hoefyster van maks 12 mm dik word toegelaat.

Die totale lengte van die hoef plus yster plus "pad" mag nie langer as 155mm wees nie. Die lengte word gemeet van die onderkant van die yster aan die voorkant tot waar die haarlyn aan die bokant van die hoef begin.

Vertoners mag nie perde robust hanteer en of slaan gedurende die klas of terwyl die perd nog in die skoubaan is nie. Dit sal lei tot diskwalifikasie.

Geen bloed op perde word toegelaat. In geval van bloedskuim in die bek sal baanbeampte dit ondersoek en 'n besluit neem na oorleg met die Senior Beoordelaar.

Perde wat buite beheer is en 'n veiligheidsgevaar inhoud sal deur die baanbeampte beveel word om die baan te verlaat.

Vertoners moet ten alle tye skoudissipline en skou-etiket eerbiedig en toepas.

Handklasse word as Teelklasse en Skouklasse op skoue aangebied en die volgende reëls geld:

Teelklas-	Senior hings Slegs goedgekeurde en geregesteerde Teelhingste uit Stamboek (SP), Hulpstamboek C,Hulpstamboek B mag vir hierdie klas inskryf.
Skouklas-	Senior Hings Gekeurde en geregestreerde Hingste uit die Hulpstamboek A Gekeurde en geregestreerde Klophingste uit alle boeke (Uitgesluit Basis Boek). Goedgekeurde en geregestreerde Hingste uit Stamboek (SP), Hulpstamboek C en Hulpstamboek B wat nie as Teelhingste gebruik word nie Geen kruis inskrywings sal tussen teelklasse en skouklasse toegelaat word nie.

Gedurende Merrie klasse moet die vullens op stal bly en mag nie naby die Skoubaan wees nie.

Gedurende die vul klasse moet die Merries op stal bly en mag nie naby die skoubaan wees nie.

(B) Skou-Etiket – Handklasse

- Wees trots op jouself en jou perd en respekteer altyd jou mede vertoners.
- Geen vertoner mag ander vertoners of hul perde benadeel of probeer benadeel deur enige optrede van enige aard.
- Handhaaf altyd beheer oor jou perd en 'n redelike afstand tussen jou perd en ander perde.
- Geen vertoner mag 'n beoordelaar probeer beïnvloed of omkoop of aanmerkings maak gedurende die beoordeling nie.
- Vertoners mag nie inmeng of praat of probeer redeneer met beoordelaars terwyl perde nog in die baan is nie.
- Geen vertoner mag onder die invloed van drank skou nie
- Enige aanval van 'n vertoner op die beoordelaars of baanbeamptes of versamelringbeampte, in die publiek, sal lei tot skorsing vir die res van die skou en selfs ook vir daarop volgende skoue.
- Geen vertoner mag hardop aanmerkings maak terwyl plasings uitgeroep word nie.Dit kan lei tot skorsing van die skou en verbeuring van pryse.

(C) Toerusting- Handklasse

1 Vullens en juniors kleiner as 2 jaar.

- Wit, swart of bruin halter met wit, swart of bruin leiband. Verkieslik swart of wit.
- Wit, swart of bruin vertoon toom sonder enige mondstuk met ‘n fyn ketting oor die neus of onder die kaak met ‘n wit, swart of bruin leiband. Verkieslik swart of wit.
- Peits van maks 1.2m met wit lint van maks. 150 mm aan die voorkant is toelaatbaar vir die hanteerder.
- Peits van maks.2m met wit lint van maks 150mm aan die voorkant is toelaatbaar vir die aanjaer.
- Hingste mag gelei word met leistokke
- Geen ander toerusting en of enige ande hulpmiddel word toegelaat.

2 Alle diere ouer as 2 jaar

- Wit,swart of bruin toom met ‘n stang en kenketting of trens met of sonder ‘n neusbond. ‘n Enkel wit, swart of bruin leiband met ketting of wit, swart of bruin teuels mag gebruik word. Verkieslik swart of wit
- Wit, swart of bruin halter met wit, swart of bruin leiband vir diere onder 3 jaar is toelaatbaar. Verkieslik swart of wit.
- Peits van maks. 1,2 m met lint van maks 150mm aan die voorkant is toelaatbaar vir die hanteerder.
- Peits van maks 2m met wit lint van maks 150mm aan die voorkant is toelaatbaar vir die aanjaer.
- Geen ander toerusting en of ander hulpmiddel word toegelaat.

(D) Kleredrag – Handklasse

Vertoner en aanjaer trek dieselfde aan nl:

- Netjiese kakie langbroek
- Wit kort of langmou hemp met kraag. Slegs Genootskap wapen op hemp word toegelaat
- Das is opsioneel. Slegs genootskapsdas of ‘n plein swart das word toegelaat.
- Baadjie of onderbaadjie is opsioneel. Slegs ‘n swart baadjie of trui of gruis Genootskap trui word toegelaat. Slegs die Genootskap wapen word op baadjie of trui toegelaat.
- Netjiese skoene of tekkies met kakie sokkies
- Netjiese hoed of Genootskap “pet” word toegelaat maar is opsioneel
- Nommer word op vertoner se rug vassegesteek. Nommer moet min 200 X 150mm wees.
- In reënweer word waterskoene en ‘n reënjas toegelaat.

(E) Die Logistiek van Handklasse

Alle deelnemers moet ten minste 3 minute voor die begin van die klas in die aangewysde versamelring aanmeld.

Versamelring beamppte kontroleer nommers en gaan na of die reëls soos in (A) genoem nagekom is.

Versamelring beamppte gee die instruksie vir die oopmaak van die skoubaanhek en vertoners gaan die skoubaan binne. Hy gee ook die bevel vir toemaak van die hek. As die hek eers toe is kan geen verdere vertoners wat laat is toegelaat word nie.

Vertoners en Perde is onder beoordeling sodra hulle by skoubaan inkom.

Perde betree die skoubaan, anti-kloksgewys op ‘n draf terwyl perde optimal vertoon word in die draf.

Perde word dan in die middel van die skoubaan opgestel met die perd wat eerste ingekom het die naaste aan die ingangshek en die perd wat laaste ingekom het die vîrste van die ingangshek. Perde word opgestel langs mekaar met voldoende spasies tussen perde.

Beoordelaars stap dan deur al die perde en doen hul beoordeling

Baanbeamppte sal dan die instruksie aan die eerste vertoner gee om sy perd alleen te laat aantree met sy kop in die rigting van die hek. Die vertoner word ‘n kort tyd gegee om sy perd dan op te stel vir individuele beoordeling in die staan posisie.

Baanbeamptes sal dan die instruksie aan die vertoner gee om sy perd vorentoe te laat stap in die rigting van die hek, links te draai en sy perd dan, anti-kloksgewys, in ‘n draf te vertoon vir die beoordeling van die beweging van die perd. Slegs die stap en draf word beordelaar.

Die proses herhaal homself totdat alle perde individueel beoordeel is. Waarna alle perde weer langs mekaar opgestel word vir ‘n laaste deurstap en beoordeling deur die beoordelaars.

Beoordelaars mag, deur die Baanbeamppte, vra dat sekere perde weer vertoon moet word vir ‘n finale plasing.

Sodra die beoordeling afgehandel is sal die aankondiger die instruksie gee om te ontspan. Perde kan dan ontspan en rond beweeg.

Met die aankondiging van die plasing van die pede, draf die geplaasde perd na die beoordelaars en ontvang sy roset of prys. Direk na die laaste roset oorhandig is word die hek oopgemaak en die nie geplaasde perde verlaat die skoubaan.

Die geplaasde perde doen dan ‘n ere rondte met die eerste perd voor en die res wat volg, volgens plasings, op ‘n draf, in ‘n kloksgewyse ringting, waarna die skoubaan verlaat word.

By die merrie met suipvul klas betree die perde die baan op ‘n stap en stel dan op soos reeds genoem.

By die Hings of Merrie met 2 afstameling klas betree die Hings of Merrie gevolg deur die 2 afstammelinge agter mekaar die baan op ‘n draf en stel dan op soos reeds voorheen genoem.

(F) Die Beoordeling van Handklasse

- Die beoordeling van handklasse word gedoen deur die meting en vergelyking van die perd onder beoordeling teenoor die neergelegde rasstandarde (sien protokol FPTG 1 asook die linieêre punte toekeningskaart)
- Rastipe, bouvorm, bene, hoewe en algemene kenmerke maak 50% beweging ‘n verdere 40% en voorbereiding en versorging ‘n verder 10% van totaal uit.
- Vir Rastipe word daar klem gelê op : Sien Aanhangsel A tot Protokol FPTG 2 en 3 vir wat rastopies is.

- Algemene Voorkoms	- Rastopies
- Uitstraling	- Baie uitstraling
- Kop en Voorkop	- Rastopies
- Ore, Oë, Neus, Kake	- Rastopies
- Nek en Kam	- Rastopies NB. ‘n Perd se kam wat begin val mag nie teen gediskrimineer word nie.
- Kop/Nek aansluiting	Fyn en oop met ruimte.
- Kleur	- Rastopies
- Behang – Maanhare	- Rastopies
- Stert	- Rastopies
Vere	- Rastopies

- Vir Bouvom word daar klem gelê op:

- Skof	-	Rastipies
- Bors	-	Rastipies
- Skouers	-	Rastipies
- Aansluiting van genoemde	-	Vloeiend
- Rug,ribbes, lendene, Kruis	-	Rastipies
- Sitbene, Broekspier, Duie	-	Rastipies
- Stert implanting	-	Rastipies
- Vir bene word daar klem gelê op

- Voorbene – Syaansig	-	Nie onder of oorstandig
- Van Voor	-	Nie na binne of na buite
- Bo-arm	-	Rastipies
- Knieg	-	Rastipies
- Pypbeen	-	Rastipies
- Agterbene – van agter	-	Nie na binne of na buite
Van kant	-	Nie na agter of na voor
- Hak	-	Rastipies
- Pypbeen	-	Rastipies
- Hoewe	-	Rastipies
- Kwaliteit van bene	-	Hard en droog
- Vir Beweging word daar klem gelê op:
 - **Stap**
 - Die stap word beoordeel as ‘n versamelde tot werkende platvoet stap.
 - Die kop aksie is, aangesien dit ‘n versamelde stap is, nog steeds relatief hoog.
 - Die stap het 4 ritmiese voetvalle
 - Die stap moet ruim wees vanuit die skouer met voldoende voortdrywing, dus die stap moet energie uitstraal en nie kortaf wees nie.
 - Die bene moet nie gesleep word nie maar duidelik opgetel en neergesit word.
 - Die beweging moet reëlmataig wees met links en regs presies ewe groot passé.

- Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees.
- Die agterbene, dit is waar die dryfkrag lê, moet van agter sterk vorentoe geplaas word. Die agterbene moet nie te vêr agter gaan haal word nie (Trail).
- Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”)
- Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys. (“Presence”)

Draf

- Die draf het twee ritmiese voetvalle
- Die draf moet reëlmatrik, gebalanseerd, vloeidend en aktief wees.
- Die voorbene/knieë word natuurlik hoog gedra in die draf met ruim tree vanuit die skouer met voldoende voortdrywing. Die voorbene moet nie net op en af onder die perd beweeg nie, dit moet op en vorentoe beweeg uit die skouer.
- Die agterbene moet aktief van agter reguit opkom na die lyf en dan vorentoe gestoot word. Die agterbene moet nie te vêr agter gaan haal word nie. (Trail)
- Die draf moet ligvoetig en drywend wees met voldoende voortdrywing in ‘n rol beweging
- Die kop aksie is trots na bo.
- Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees.
- Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”)
- Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys. (“Presence”)

Vir jong perde word dieselfde sisteem gebruik maar met baie minder detail omdat perde nog in ‘n ontwikkelings en groei fase is. Beoordelaar beoordeel egter wat hy voor hom sien.